# 12 Julie 2023 - Lesing 72 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die probleme van die Drie-Eenheid **–** 11/5/58

**NO: 7117** Die Goddelike Drie-eenheid is een van vele probleme wat te moeilik gemaak word om op te los, vanweë ‘n heeltemal verkeerde voorstelling. Die eenvoudige en vir alle mense verstaanbare uitleg word daarom nie aangeneem nie, omdat die denke van die mense verward geword het **deur begrippe wat die menslike verstand nie kan snap nie**. Maar juis daarom word dit as onaantasbaar gehou en selfs die nadenke daaroor word die mense verbied.

Maar die probleem sal maklik te begryp en verklaarbaar wees vir elke mens **wat die Menswording van God in JaHshua begryp**, hulle wat nie probeer om die Wese van God as een persoon voor te stel nie, maar wie die “alles vervullende Gees” as God sien en vir wie dit begryplik is dat die **onvoorstelbare Godheid Homself in JaHshua gemanifesteer het om vir Sy geskape wesens ‘n sigbare God te kan wees**. Die mense sal dus nou ook die begrippe Vader, Seun en Gees begryp, want **vir hulle bestaan daar maar één Wese, wat in Homself Liefde, Wysheid en Krag verenig.**

Die Liefde het alles laat ontstaan en is derhalwe die Verwekker, voorbringer, die Vader. En uit Hom het ook die Seun voortgekom in Wie die Vader Homself gemanifesteer het. Maar die Seun is ook die Wysheid, want die Liefde is die Vuur waaruit Lig straal. Liefde en Wysheid kan daarom nie van mekaar geskei word nie, soos ook die Vader en Seun één is. En wederom is die Liefde ook Krag, Wie Haarself egter altyd alleen in hoogste Wysheid uiter. **Dit is die Gees uit God, Sy voortdurende Liefdesuitstraling**, wat al die nog onvolmaakte help om tot die uiteindelike voltooiing te kom.

Daar kan dus steeds maar net één Wese as God die Vader, Seun en die Gees opgevat word. Een Wese, van Wie die alomvattende begrip Liefde, Wysheid en Krag is. Dat hierdie Wese Self in die mens JaHshua gemanifesteer het, gee julle nog geen rede om nou uit die Godheid ‘n tweevoudige Wese te maak wat geskeid aangeroep kan word nie - en dan by die tweevoudige Wese nog een as Gees by te voeg nie, Wie ook weer aangeroep word deur iemand wat nie vir homself die probleem deurworstel het nie, maar eenvoudig **aanneem wat onverligte denkers predik**.

En dat dit die geval is, word bewys deurdat dit vir baie mense nie moontlik is om in JaHshua Messias die Vader aan te roep nie. Hulle kan oor die algemeen nie begryp dat God Self vir hulle slegs in JaHshua Messias te bereik is nie, dat die drievoudige, verskillende aanroepe steeds maar net één Oor deurdring, **omdat die ewige Godheid nie geskei kan word nie**, omdat Hy Self Homself in JaHshua Messias nader aan die mense wou plaas, wie nie in staat was om die ewige allesomvattende en vervullende Gees te begryp nie.

Die begrippe Vader, Seun en Gees is by die mense, wat nog nie geen gewekte gees het nie, steeds weer die **oorsaak dat hulle hul gedagtes en gebede na verskillende rigtings stuur**.

Julle roep God die Vader aan, julle roep na JaHshua en julle roep ook die Gees aan, dat Hy tot julle mag kom. Maar julle sal eers dan op die korrekte wyse bid as hierdie Drie vir julle één begrip geword het, **wanneer julle slegs één Wese sal aanroep**, wat in Homself die **Liefde as die Vader**, die **Wysheid as die Seun** en die **Krag as die Gees** verenig. Dan eers het julle die probleem van die Drie-eenheid opgelos.

Want ofskoon die leer oor die “drie-persoonlike Godheid” uitgebrei word met die toevoeging; hierdie Drie is Één, - is hierdie leer tog ‘n groot misleiding vir die mense, wat weer tot vêrdere verkeerde opvattings lei. Want juis in die aanroep van God in JaHshua lê ‘n buitengewone Krag, wat egter verlore gaan as julle nog onder verkeerde voorstellings gebuk gaan en julle nie in staat is om julle daarvan los te maak nie.

‘n Ernstige nadenke daaroor sou vir julle en julle insig werklik baie nuttig wees, maar dit laat julle agterweë, omdat julle slawe geword het, terwyl die volle vryheid deur God aan julle geskenk word. Maar julle moet dit, julle geestelike vryheid, gebruik en God Self sal julle waarlik ook help sodat julle denke verlig kan word. Want Hy is Self die Lig - en Hy wil ook almal van Lig voorsien wat na Lig verlang. Amein.

Boek van Herinnering (Direkte vertaling)

*1Johannes 5:7 Want daar is drie wat getuig (Die uitgelate gedeelte kom nie in die oudste manuskripte voor nie naamlik: Codex Siniaticus, Vaticanus, Alexandrinus)*

***5:8** die **Gees** en die **Water** en die **Bloed**, en die drie is eenstemmig.*

Afrikaanse Ou Vertaling (gedeeltes bygevoeg deur die kerkvertalers)

***1Johannes 5:7** Want daar is drie wat getuig in die hemel: die **Vader**, die **Woord** en die **Heilige Gees**, en hierdie drie is een;*

***1Jn 5:8** en daar is drie wat getuig op die aarde: die **Gees** en die **water** en die **bloed**, en die drie is eenstemmig.*

***Mattheus 28:19** Gaan dan heen, maak studente van al die [My3] nasies, en was/doop hulle in die Naam van die **VADER** en die **Seun** en die **Gees van die Apartheid**; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. [Psalm 51:2; JeshaJaH 1:16]*